STELLENBERG GEMEENTE

HUISGELOOF

# FORMASIEREIS

VAN VOOR DIE DOOP TOT NA BELYDENIS

VENNOOTSKAP - OUERSKAP - MENTORSKAP - VRIENDSKAP

## Doop

Hier word gedroom oor my geestelike reis en wat God van my ouers verwag. 'n Vennootskap word hier gevorm en huisgeloof gevestig.

## Ontwikkeling van my Godsbeeld

3+ JAAR OUD

My reis gaan voort by die kleuterkerk waar ek my Godsbeeld begin ontwikkel. Geloofsgewoontes word by die huis ingeoefen.

## Reis deur die Bybel

7+ JAAR OUD

Verwelkoming tot graad 1. Ek beoog om drie keer deur die Bybel te reis voor my volgende mylpaal. Ek leer die name van die Bybelboeke, die Onse Vadergebed, Bybelverse en wat die Bybelstories in my lewe beteken.

## Blootstelling aan mentorskap

Gr. 6

Ek word genooi na verskeie geleenthede saam met my groepleier. Karakter word gebou en diep verhoudings word gevorm.

## Ontdek my identiteit in Christus

Gr. 7

In hierdie lewensfase begin ek my unieke identiteit in Christus ontdek. Bybelskool leer my hoe om die Bybel te lees en berei my groep voor vir die volgende roetemerker.

## Oorgang – ek verbind my aan my reis

By die familiediens word nog 'n mylpaal gevier waar ek myself verbind om my identiteit in Christus te verken.

Gr. 8

## Oorgang – ek verbind my aan my reis

Ek word in die aanddiens verwelkom. Mentorskap speel 'n belangrike rol in hierdie bediening en hegte vriendskappe word tussen medereisigers gevorm.

## Verken my identiteit in Christus

Ek verken wat dit beteken om my identiteit in Christus uit te leef. My medereisigers help my om my gawes te ontdek. Ek word blootgestel aan verskillende bedieninge en verken waar in die aanddiens ek kan dien.

Gr. 9

## Verdiep my identiteit in Christus

Die kerk help my om my gawes uit te leef, nie net vir myself nie, maar ook vir die mense om my. Ek reik uit deur te help met gasvryheid in die gemeente en neem deel aan verskeie omliggende uitreikaksies.

Gr. 10

## Leef my identiteit in Christus

Ek begin 'n belangrike rol speel in die bedieninge waar ek my gawes uitleef. Ek begin my roeping besef en neem deel aan verskillende gemeenteaktiwiteite ter voorbereiding van my belydenisjaar.

Gr. 11

## BELYDENIS: My identiteit in Christus as verbond

Ek neem verantwoordelikheid vir my geloofsreis en verbind my om my identiteit in Christus uit te leef. Ek berei myself voor om my belydenisverbond in graad 12 te onderteken.

Gr. 12

## My identiteit in Christus as deel van sy liggaam

Ek woon die belydeniskamp by. Ek onderteken my belydenisverbond en verbind my om deel te bly van die liggaam van Christus. Ek besef dat ek die verantwoordelikheid het om die koninkryk uit te bou en ek neem leiding by verskillende gemeenteaktiwiteite.

19+

## Geplant

Ek leef myself uit in die gemeente en gemeenskap. Ek word deel van 'n jongvolwassene-selgroep. Ek dien as deel van 'n bediening van Stellenberg.

## Gestuur

Ek word uitgestuur na 'n nuwe geloofs-gemeenskap. Ek leef Stellenberg se visie en waardes uit en bedien met my gawes in die wêreld.